
Harvesters
MINISTRIES
Opening the Way

Mei 2025



# ‘n Globale Behoefte

## Waarom Pastorale Opleiding Noodsaaklik is vir Kerkgroei

NE0525_AF email

In baie dele van die wêreld lei leraars gemeentes sonder dat hulle enige opleiding ontvang het en sonder ‘n vaste fondasie in Bybelse onderrig. Hierdie probleem kom algemeen voor en kan lei tot misverstande met betrekking tot doktrine, ongeorganiseerde eredienste en ‘n gebrek aan behoorlike dissipelskap. Studies dui aan dat meer as 90% van leraars regoor die wêreld gebrek lei aan formele teologiese onderrig. Dit beklemtoon die dringende behoefte aan toeganklike opleidingsprogramme, veral in landelike en ontwikkelende streke. Sonder behoorlike leiding sukkel leiers om hul gemeentes effektief te lei.

Hierdie uitdaging is veral duidelik in plekke soos Torosei, Kenia, waar ongeletterdheidsvlakke hoog is, en baie leraars geen toegang het tot selfs basiese teologiese onderrig nie. Dylan Agoye, Streekdirekteur vir Harvesters, verduidelik, “Ek het al gehoor van sommige leraars wat nie eers weet hoe om te lees nie, tog lei hulle kerke. Soms praat en praat hulle net vir die duur van die hele erediens.” Hierdie gebrek aan opleiding het ‘n negatiewe invloed op die groei en welstand van die Kerk.

Harvesters spreek dié krisis aktief aan deur leraars toe te rus met noodsaaklike teologiese opleiding in die areas waar hulle woon. Leraar Andrew Ngongoni, wat ‘n groep student-leraars lei in Torosei, het ‘n diepliggende transformasie ervaar: “Ons het tans 18 leraars in opleiding, en hulle het reeds 36 kerke geplant. Nou is leraars toegerus met Bybelse kennis; hulle verstaan kerklike gebruike en lei gestruktureerde eredienste.”

Hierdie impak strek selfs verder as Kenia. Harvesters lei tans leraars op in meer as ‘n 100 lande, en verseker dat kerke wêreldwyd gelei word deur toegeruste, selfversekerde leiers. Namate leraars meer kennis bekom versterk hulle nie net hul eie gemeentes nie, maar verbreed hulle ook die reikwydte van die Evangelie en vervul hulle die Groot Opdrag.

Danksy hierdie opleiding word die globale kerk op ‘n sterk fondasie gebou – een goed opgeleide leraar op ‘n slag.

Bron: Lausanne.org







**Ook in hierdie uitgawe:**

2 Evangelie-Saad in Malawi Gesaai
4 Mongolië word Bereik



# Evangelie-Saad in Malawi Gesaai

75 leraars in Malawi het onlangs twee afsonderlike Harvesters *Kick Offs* in Malawi voltooi. 'n *Kick Off* is die begin van 'n vier jaar lange opleidingsprogram waartydens toegewyde plaaslike leraars Bybelse pastorale opleiding ontvang en toegerus word in evangelisering, dissipelskap en kerkplanting. Teen die tyd dat hulle gradueer het elke leraar tien kerke geplant. Dit is die wese van die Harvesters Hub-opleiding model – 'n enkele saad wat by een leraar gesaai word lewer 'n ryk en oorvloedige oes in die vorm van talle nuwe kerke.

### Klein Saadjie, Groot Oes

Leraars van Karonga in die noorde en van Mangochi in die suidooste het hul eerste formele Fase-opleiding bygewoon tydens Malawi se reënseisoen. Terwyl hulle byeen was, was hulle omring met lowergroen landerye vol rye plaaslike stapelvoedsel gewasse wat opgeskiet het nadat sade tydens die droë seisoen gesaai is – die beginsel van vermenigvuldiging in aksie! Deur net na die natuur te kyk kon leraars sommer gou die opdrag wat hulle ontvang het begryp.

"Dis soos mielies, een mieliepit word geplant, en daardie mieliepit, met die nodige sorg tydens oestyd, sal 'n oorvloedige oes lewer. Dissipelskap is dieselfde. Een opgeleide leraar, 'n leier, kan siele gaan wen, hulle leer, hulle bemagtig... Aan die einde van die dag word nog meer siele gewen deur dissipelskap," verduidelik Leraar Green Sembeye.



Leraar Green Sembeye

Leraar Blessings Sekwese deel sy opgewondenheid. "Ons pas ons boerdery-metodes toe op die geestelike... Ons weet dat, as ons uitgaan, sal daar herlewing wees op plekke; daar sal transformasie wees," sê hy. "Baie siele word gewen vir die Koninkryk van God."



Leraar Blessings Sekwese




## Die Regte Sorg in die Regte Seisoen

Ons is saam met die Malawiërs dankbaar teenoor God dat Hy die weg gebaan het vir hierdie opleidings in die regte seisoen. "Almal getuig daarvan dat dit op die regte tyd gekom het. Ons het gewag vir hierdie seisoen," sê Leraar Blessings.



Leraar Joseph Namitala, van Mangochi, stel die noodsaaklikheid van die ware Evangelie in hierdie tyd baie duidelik. Volgens hom het Mangochi 'n sterk Moslem samelewing, maar tog dra die sade van die Waarheid reeds vrug. Deur die genade van God is nege van sy lidmate voormalige Moslems wat getransformeer is deur die krag van die Evangelie.


Leraar Joseph Namitala

Leraar Joseph se vertroue in die krag van die Evangelie is waarlik inspirerend. "Jesus het gesê, 'al die mag is aan julle gegee.' En Jesus het ook gesê, 'in die naam van Jesus sal elke knie buig.' So, dit is met daardie gesag dat ons die Evangelie aan die Moslems verkondig," verklaar hy. "Ek gaan kragtige dinge doen, want die genade van God is met ons." Met getroue dienaars soos Leraar Joseph wat omsien na die sade wat gesaai is kan ons beslis 'n rekord-oes in Malawi verwag.

## 'n Rekord-oes Wag

Die potensiaal van die oes raak 'n werklikheid as ons kyk na ander dele van Malawi waar leraars reeds hul opleiding voltooi het. Vandat Frackson Mbaye hierdie opleiding saam met Harvesters begin doen het in 2005, het hy al 27 kerke geplant saam met sy student-leraars. Leraar Justin Milanze het 10 kerke gevestig, elk met 'n opgeleide leraar om die gemeente te lei. Intussen het Criness Chidamba sover drie kerke geplant. Sy getuig, "Ek is so bly want die Here het groot dinge in my lewe gedoen! Hy het my skaamte en vrees verwyder en aan my die krag gegee om die Evangelie te deel en dissipels te maak."


Leraar Frackson Mbaya


Leraar Justin Milanzi


Leraar Criness Chidamba

Mag God se seën rus op die sade wat gesaai is Mangochi en ander dele van Malawi. Ons vertrou op die Gees vir vermenigvuldiging en 'n ryke oes in hierdie pragtige land.



# Mongolië word Bereik







Harvesters het onlangs na Mongolië gereis waar slegs 1.3% van die bevolking gelowiges is. Die klein gemeente is dinamies en aan die groei, veral onder die jong mense.

Ons is opgewonde om te laat weet dat twee nuwe Strome vir kerkplanting en pastorale opleiding geloods is – een in die hoofstad, en nog een in die ooste van Mongolië. Daarbenewens is die visie ook voorgehou aan leraars uit die noorde, met die gevolg dat daar groot opgewondenheid is oor die moontlikheid om hul bevolking met die Evangelie te bereik.

Plaaslike leiers, Ochir en Joy getuig oor die impak van die opleiding. Hulle sê dit het hulle oë oopgemaak vir doeltreffende kerkplanting en evangelisasie. "Dit het al die vrae, wat ons nie eers geweet het ons het nie, beantwoord!" het Joy gedeel.

Die opleiding dra reeds vrug. Slegs een dag na die sessie het drie jong mans hul lewens aan Christus gegee en is hulle gedoop. Nou word hulle gedissipeleer sodat hulle in die geloof kan groei.

Die meeste gelowiges in Mongolië is die enigste Christene in hul gesinne en werkplekke. Bid asseblief vir hulle en vir die voortdurende uitbreiding van die Evangelie in hierdie land.


Harvesters MINISTRIES

www.harvestersministries.com

Telefoon: **021-300-5629**

E-pos: **info@harvestersministries.com**

Adres: **Eenheid 9, Tazra Park 2 • Stuart Close • Somerset West Business Park • Somerset-Wes , 7130**



HARVESTERS MINISTRIES IS 'N GEREGISTREERDE NIE-WINSGEWENDE- EN OPENBARE WELDAADSORGANISASIE ORGANISASIE (NPO EN PBO).


## Dissipelmakers

Ons het 'n nuwe weergawe van ons suksesvolle Dissipelmakers-kursus bekendgestel, wat ontwerp is om kerke met dissipelskap en groei te ondersteun. Ons loof die Here vir hierdie sukses. Na aanleiding van vyf-en-twintig jaar se ondervinding en sukses met ons evangelisasie, kerkplanting, leraar opleiding en dissipelskapstrategieë in meer as 97 lande, kom hierdie kursus terug na die basiese Bybelse beginsels. Die fokus is op die boodskap en metodologie van Jesus om die wêreld met die evangelie te bereik.

As jy meer wil leer oor die Dissipelmakers-kursus of ons wil nooi om dit by jou kerk te kom aanbied, kontak ons vandag nog.

## Help om die *weg te baan* sodat die wêreld Christus kan leer ken

Elke R 3 800 wat ingesamel word sal ons in staat stel om ...

- ☑ 'n leraar op te lei
- ☑ 3 kerke te plant
- ☑ 'n Bybel te voorsien
- ☑ ongeveer 300 mense te bereik en van hulle dissipels te maak.

**Maak vandag 'n blywende verskil deur te gee!**

**Baie dankie.**

Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:
Harvesters Ministries, ABSA Bank,
Rekeningnommer: 4075041297,
Takkode: 632005
Verwysing: "NE0525AFEM"+[jou naam]

Ander opsies om 'n bydrae te maak:
**GEE AANLYN** via ons webblad OF volg die QR kode om via Zapper of Snapscan te gee: